

Oefen leestekens

Gebaseer op die storie *Vuyo en Unam*

Hier is 'n paar belangrike dinge om te onthou oor die **gebruik van leestekens**.

1. Begin altyd 'n sin met 'n **hoofletter** en eindig met 'n **punt**.
2. Alle eiename moet met 'n hoofletter begin, soos name van plekke en mense, byvoorbeeld, Vuyo, Unam, Oos-Kaap en Drakensberge.
3. Waar 'n lys van byvoeglike naamwoorde of selfstandige naamwoorde voorkom, skei die woorde met 'n komma, behalwe na die laaste woord, en na 'en', byvoorbeeld, 'Unam is 'n klein, grys donkie.' 'Die karretjie is gelaai met mielies, sorghum en groente.'

Aktiwiteit 1

Verbeter die volgende sinne deur die regte leestekens met 'n kleurpotlood in te vul. Maak seker dat jy al die leestekens wat hierbo genoem word, invul. Onderstreep die **byvoeglike naamwoorde** in die sinne.

Byvoeglike naamwoorde is woorde wat selfstandige naamwoorde beskryf.



1. my donkie slaap in 'n klein skoon stalletjie
2. my donkie eet graag soet bros appels
3. my donkie kry elke dag skoon vars water

Doen nou dieselfde met die volgende sinne. Hierdie keer moet julle die

Selfstandige naamwoorde benoem dinge

selfstandige naamwoorde wat deel is van 'n lys, onderstreep.



4. my donkie geniet dit om gras hooi riete en wortels te eet
5. daar is 'n skuiling bome en water in die donkie se kamp
6. donkies het lang ore kort maanhare en pragtige oë

Aktiwiteit 2

A. Verbeter die volgende sinne deur die regte leestekens met 'n kleurpotlood in te vul. Sien dan julle werk na deur na die tweede paragraaf van die storie te kyk.

unam is 'n klein grys donkie hy is so getrou soos donkies kan wees hy is ook sterk en trek die karretjie waarmee die hele familie hulle sake doen dit sluit in om die grond te bewerk inkopies te doen 'n muur te bou en om produkte mark toe te neem onder in die vallei hulle gebruik unam en sy karretjie vir alles

B. Verbeter die volgende sinne deur die regte leestekens met 'n kleurpotlood in te vul. Sien dan julle werk na deur na die vierde paragraaf te kyk.

Aktiviteit 3

vuyo is opgewonde terwyl hy en unam die pad op 'n heerlike helder dag vat die karretjie is gelaai met mielies sorghum en groente alles verloop goed mark toe en unam lyk baie gelukkig

Skryf 'n paragraaf oor jou gunsteling troeteldier. Probeer om minstens 3 byvoeglike naamwoorde te gebruik om hom te beskryf. Onthou om die korrekte leestekens wat jy hier bo geoefen het, te gebruik.

[illegible]